



Ons vermeerder God se vreugde!

Reisbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

28 April 2022

Gedagte vir die week:

God = Verrassing?!

Vertrekpunt:

Handelinge 10

Meditasie uit die Woord:

Die beste wat ons as mense kan doen in ons verhouding met God is om net oop te wees vir verrassende Goddelike ingrype. Wanneer en waar en hoe sal jy nie voor die tyd weet nie. Byvoorbeeld: jy is in jou motor op pad dorp toe en dan sien jy iemand op die sygaardjie en snaaks genoeg laat dit jou dink aan Byvoorbeeld: voor jou in die ry by die Checkers toonbank staan iemand en jy ervaar skielik 'n bepaalde gevoel ... Byvoorbeeld: jy is besig met jou oggendgebed en uit die bloute dink jy aan iemand anders ... So sou ek die voorbeelde kon opstapel. Dit is presies wat volgens Handelinge 10 met Kornelius en Petrus gebeur het. Die een is in Seserea en die ander een in Joppe en **gesinchroniseerd** ervaar hulle bepaalde gevoelens wat met mekaar te doen het. In die sekulêre wêreld noem mense dit telepatie, maar in die geloofswêreld noem ons dit Goddelike ingrype of bestuur of Goddelike sinchronisasie. Dit is wonderlik wanneer 'n mens jou lewe só verstaan én beleef as dat jy en jou lewe Goddelik bestuur word van uur tot uur. Dit is dan wanneer jou dagboek nie nét getuig van jou reis met jouself, jou werk en ander mense nie, maar ook die verbasende en verrassende getuienis word van jou reis met God. Ek is oortuig daarvan dat God heeltyd en altyd betrokke is by my lewe, maar die probleem is net dat ek nie altyd heeltemal bewus is daarvan nie. Ek en die Here is saam in die lewe ... dit is 'n wonderlike én gerusstellende gewaarwording. My dagboek is my Handelinge-boek wat my storie met God en God se storie met my vertel. Ek het ook 'n Handelinge 8, 9 en 10 in my lewe.

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 01 Mei 2022 om 09:30 het ons 'n reisgesprek **in die kerkgebou**. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by https://youtu.be/C_gm99ZQVQQ

Meditasie uit die Lewe:

Ons gesels tans in ons leiersgroep oor die gemeente se identiteit. Dit is 'n dinamiese gesprek en jy mag daaraan deelneem deur te reageer via enige kanaal van jou keuse. Hier is die volgende gedeelte:

Bediening	Ons verkies om te praat van bediening ipv komitees en kommissies. Ons verkies dat bediening nie struktureel van van bo af geïnisieer word nie, maar dat dit gebore word in en uit die harte van lidmate. Bediening word nie mikro-bestuur nie, maar word begelei om in ooreenstemming met ons geloofsoortuigings te geskied. Lidmate moet luisterend en met gesonde selfbewustheid hulle lewens- en geloofspassies ontdek. Die gemeente sal hulle graag wil ondersteun dmv finansies, mannekrag, fisiese ruimtes en netwerke om dit uit te leef. Ons besluit nie wat moet gebeur en belas dan mense daarmee nie, mense ervaar roeping en bedien dan die gemeente en wêreld.
-----------	---

Aantekeninge

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com**